

sê nee vir pornoreeks



"Die reeks is 'n stappie nader aan 'n morele verval," sê Gretha Wiid. | FOTO: THEANA CALITZ

Gigi dink ook nie dis 'n goeie idee nie. "Ons het reeds so 'n groot probleem met tiener-swangerskappe," sê sy.

sies in koerante vir oudisies, soos die vervaardigers gesê het daar sal wees nie - slegs die mediaverklaring wat eergisteraand uitgestuur is.

Van Wyngaard het gesê soos met *Pop Idols* sal daar van deelnemers verwag word om seks voor 'n paneel beoordelaars te hê.

Die deelnemers met die "swakste slaapkamermaniere" sal in uitkloprondes deur die kykers uitgestem

kan word.

'n Manlike en 'n vroulike wenner sal gekies word en elkeen wen dan R5 000.

Benewens die kontantgeld sal die wenners ook in Tongelong se volgende flied speel.

Joe Theron, baas van *Hustler* en *Loslyf* en medevervaardiger van *Pornstars*, het gesê: "Ons vind dat baie meer plaaslike akteurs bereid is om in ons rolprente te speel."

Mnr. Patrick Meyer, 'n vennoot, het gesê hulle beoog om verskeie televisiekanale oor die konsep te nader.

'n Herrie het verlede jaar losgebars toe MultiChoice 'n pornografiese kanaal wou begin. Hulle moes van die idee afstand doen.

Mnr. Ashley Theron, nasionale hoof van Kinderwelsyn Suid-Afrika, het gesê kinders wat aan sagte pornografie blootgestel word, kan dalk die idee kry dat losbandige seks aanvaarbaar en begeerlik is.

"Dit hou nie net 'n gevaar in vir die kind nie, maar het 'n uitwerking op die langtermyn-persepsies oor intieme verhoudings."

Me. Caroline Nenguke van die Treatment Action Campaign (TAC) het gesê al wys akteurs min lyf vir 'n sagter weergawe vir televisie is dit steeds pornografie.

Gigi, wenner van die vorige *Survivor SA*-reeks en eienaar van die ontkleekklub Lollipop Lounge, het sê: "Ek dink nie dis 'n goeie idee nie. Ons het reeds soveel probleme met tienerswangerskappe."